

7 Julie

Skrifgedeelte: Galasiërs 2:15-21

Fokusgedeelte: DL, 3/4:16

Nie meer ek nie, maar Christus wat in my lewe!

Na die sondeval was die mens nog steeds mens, “toegerus met verstand en wil ...” Hy het nog steeds ’n menslike natuur gehad, maar hierdie menslike natuur is deur die sondeval “bederf en in geestelike sin gedood”. Die wedergeboorte vernietig nie die wil van die mens en sy eienskappe nie “en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie. Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig.” Die wonderlike is dus dat God deur die wedergeboorte in my en in my wil wil werk. Dit is wat Paulus bedoel as hy sê (vers 19-20): “... ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.” Waar Paulus, soos enige ander sondaar, eers net vir homself geleef het en sy eie kop gevolg het, het daar na sy wedergeboorte ’n verandering ingetree. Hy was nou ’n nuwe mens, al was hy nog dieselfde mens. Sy wil is verander en “’n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees” het nou by hom begin posvat. Nou was hy nie meer op sy eie behoeftes ingestel nie, maar op God se eer. Hy het dit meer en meer begin regkry om God se wil te doen, in so ’n mate dat hy kon sê: “... en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.”

Wanneer jy nie meer lewe nie, maar Christus in jou, dan begin jy dit al hoe meer regkry om nie te swig voor jou sondige begeertes nie en om volgens God se wil te leef. Dan begin jy dit regkry om dinge te doen wat Christus sou gedoen het en jy doen die dinge soos Hy dit sou gedoen het. Wanneer jy dit begin regkry moet jy God dank vir die wonder van sy genade in jou!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~